

9 APRIL

SKRIFGEDEELTE: EFESIËRS 1:15-23
FOKUSGEDEELTE: EFESIËRS 1:18-21

Roeping, rykdom en krag!

Om vir mekaar te kan bid, is 'n opdrag én 'n voorreg. Wanneer ons egter vir mekaar bid, behoort dit oor veel meer te gaan as genesing, kos, klere, uitkoms ensovoorts. Paulus se gebed vir die Efesiërs spreek boekdele, en is bedoel vir elke kerk en elke gelowige. In hierdie gebed bid hy onder andere dat God deur die Heilige Gees ons geestesoë sal verlig of verhelder. Met ons natuurlike oë sien ons nog ten dele, en daarom verstaan ons nog ten dele (1 Kor. 13:9-12). Ons word dus dikwels kortsigtig en swak. Ons konsentreer so baiekeer maar net op onself en op ons eie behoeftes.

God wil egter hê dat ons meer sal raaksien as wat ons natuurlike oë ons laat sien. Hy wil hê dat ons *roeping*, *rykdom*, en *krag* sal raaksien.

- *Roeping* en die hoop wat dit meebring!

Dit waartoe God ons roep, naamlik om getrou aan Hom en sy Woord te bly en getuies van Jesus Christus te wees, is nie maklik om na te kom nie. Mens kan byvoorbeeld hieroor vervolging in die gesig staar, soos inderdaad al met baie gelowiges gebeur het! Saam met die roeping gaan egter ook 'n hoop. Nie 'n miskien nie, maar 'n vaste hoop – die hoop op die ewigheid, ons erfenis, ons ewige erfporse!

- Hierdie erfenis is 'n *rykdom* wat in aardse terme nooit gemeet kan word nie.

Al die geld ter wêreld is te min om dit te koop. Kredietkaarte of tjeks sal ook nie deug nie. Ons as gelowiges sien egter uit na hierdie hemelse rykdom, om dit eenmaal in besit te neem!

- Om by hierdie heerlike eindpunt uit te kom, moet ons *krag* hê.

Hierdie krag word in ons wat glo, uitgeoefen. Die Here oefen dit in ons uit. Die ongelooflike hiervan is dat hierdie krag dieselfde is as die krag waarmee Jesus uit die dood opgewek is! Lewendmakende krag word in ons uitgeoefen!

Bid dat jy, en ook jou medegelowiges, met ons geestesoë wat deur God geopen is, hierdie grootsheid sal sien.

Skep dan moed, en leef voluit vir die Here!

Sing: Skrifberyming 33-2/33-4:1, 2, 3

Ds Lourens du Plessis (Delmas)